Bayer Environmental Science

Before using this product read the label carefully. / Lees die etiket noukeurig alvorens die produk gebruik word.

# K-OBIOL® EC 25

Reg. No. L4586 Act No. 36 of 1947

Reg. Nr. L4586 Wet Nr. 36 van 1947

---

AN EMULSIFIABLE CONCENTRATE CONTAINING A RESIDUAL CONTACT PYRETHROID FOR THE ADMIX TREATMENT OF BULK STORED RAW CEREALS - MAIZE, WHEAT, RYE, OATS AND SUNFLOWER STORED IN SILOS. ALSO FOR USE AS A RESIDUAL SPRAY TREATMENT, THERMAL FOGGING SOLUTION AND FOR THE TREATMENT OF BAG STACKS IN GRAIN STORAGE FACILITIES. FOR THE CONTROL OF CONFUSED FLOUR BEETLE, SAW-TOOTHED GRAIN BEETLE, RUST-RED FLOUR BEETLE, RICE WEEVIL, GRANARY WEEVIL, MAIZE WEEVIL AND FLAT GRAIN BEETLE.

'N EMULGEERBARE KONSENTRAAT MET 'N NAWERKENDE KONTAK-PIRETROÏED VIR DIE VERMENGINGSBEHANDELING VAN LOSMAAT MIELIES, KORING, HAWER, ROG EN SONNEBLOM OPGEBERG IN GRAANSUIERS. OOK VIR GEBRUIK AS ‘N RESIDUELE SPUIT-BEHANDELING, TERMIESE BEROKING OPLOSSING EN VIR DIE BEHANDELING VAN SAKSTAPELS IN GRAANSTOORFASILITEITE. VIR DIE BEHEER VAN DIE MALKOPMEELKEWER, SAAGTANDGRAAN-KEWER, ROESROOIMEELKEWER, RYSKALANDER, GRAANSKUURKALANDER, MIELIEKALANDER EN PLATGRAANKEWER.

---

**ACTIVE INGREDIENTS/AKTIEWE BESTANDDELE:**

| | | |
|---|---|---|
| Deltamethrin (pyrethroid) | 25 g/ℓ | Deltametrien (piretroïed) |
| Piperonyl butoxide | 225 g/ℓ | Piperonielbutoksied |

NET CONTENTS: / NETTO INHOUD: 25 ℓ

**REGISTRATION HOLDER / REGISTRASIEHOUER:**

Bayer (Pty.) Ltd. / (Edms.) Bpk.
Reg. No. / Nr. 1968/011192/07
P.O. Box / Posbus 143
ISANDO 1600
SOUTH AFRICA / SUID-AFRIKA
TEL: (011) 921 5911

Batch no.:/ Lotnommer:

Date manufactured: / Datum vervaardig

K-OBIOL® is a registered trademark of Bayer / is ‘n geregistreerde handelsmerk van Bayer.

UN No. / VN Nr. 1993





**HARMFUL**
**SKADELIK**



# K-OBIOL® EC 25

Reg. No. L4586 Act No. 36 of 1947

AN EMULSIFIABLE CONCENTRATE CONTAINING A RESIDUAL CONTACT PYRETHROID FOR THE ADMIX TREATMENT OF BULK STORED RAW CEREALS - MAIZE, WHEAT, RYE, OATS AND SUNFLOWER STORED IN SILOS. ALSO FOR USE AS A RESIDUAL SPRAY TREATMENT, THERMAL FOGGING SOLUTION AND FOR THE TREATMENT OF BAG STACKS IN GRAIN STORAGE FACILITIES. FOR THE CONTROL OF CONFUSED FLOUR BEETLE, SAW-TOOTHED GRAIN BEETLE, RUST-RED FLOUR BEETLE, RICE WEEVIL, GRANARY WEEVIL, MAIZE WEEVIL AND FLAT GRAIN BEETLE.

| | | |
|---|---|---|
| ACTIVE INGREDIENTS: | Deltamethrin (pyrethroid) | 25 g/ℓ |
| | Piperonyl butoxide | 225 g/ℓ |

**REGISTRATION HOLDER:**
Bayer (Pty.) Ltd.
Reg. No. 1968/011192/07
P.O. Box 143
ISANDO 1600
SOUTH AFRICA
TEL: (011) 921 5911

HARMFUL

**WARNINGS:**

Handle concentrate with care.
Poisonous when swallowed or inhaled.
**K-Obiol® EC 25** may cause transient irritation of the skin, eyes and nasal membranes.
Keep out of reach of children, uninformed persons and animals.
Toxic to fish, bees and wildlife.
Store in a cool place away from food and feedstuffs.
In case of poisoning call a doctor and make this label available to him.

**PRECAUTIONS:**

Do not use in the presence of persons with known sensitivity of pyrethroids.
In the case of signs of sensitivity, obtain medical advice.
Wear protective clothing when handling the concentrate or diluted solution.
Avoid skin contact and wash splashes from skin or eyes immediately.
Wash with soap and water after use.
Wash contaminated clothing daily.
Do not eat, drink or smoke whilst mixing or applying or before washing hands and face.
Prevent contamination of food, feedstuffs, drinking water, eating utensils and food preparation equipment.
Rinse empty container three times with a volume of water equal to a minimum of 10 % of the container.
Add the rinsings to the contents of the spray tank before destroying the container.
Destroy empty container and do not re-use for any other purpose.

**SYMPTOMS OF HUMAN POISONING**

Numbness of lips and tongue, sneezing, nausea, vomiting, diarrhoea, headache, restlessness, incoordination, chronic convulsions, stupor, prostration.

**FIRST AID AND TREATMENT**

Remove patient from source of poisoning to a well-ventilated area and keep him quiet and reassured. Remove contaminated clothing and rinse contaminated body area thoroughly with plenty of soap and water. After eye contact, flush contamination out of eyes with clean water and call a doctor. If swallowed do not induce vomiting. Wash out mouth with water and call a doctor immediately.

**NOTE TO PHYSICIAN**

Treat symptomatically.

**DIRECTIONS FOR USE:** USE ONLY AS DIRECTED.

1. Direct application to maize, wheat, rye, oats and sunflower in bulk storage.

   1.1 Dilute 1 part **K-Obiol® EC 25** to 16,5 parts of water (600 mℓ to 10 ℓ) to give a mixture containing 0,15 % m/v deltamethrin.

   1.2 Calibrate the spray equipment according to the following calculation to give a nominal deposit of 0,75 ppm deltamethrin on maize and small grain and 1,5 ppm on sunflower.

   $$\frac{\text{Grainflow in tons/h} \times 76}{55} = \ldots \text{ m}\ell \text{ / 10 sec.}$$

   1.3 Recommendation: Reduce spray pressure to 1,5 bar and increase nozzle size to (at least) TX 12 to ensure that the spray reaches the grain, without loss to the atmosphere. With the correct equipment setting, a more effective application can be achieved with minimal exposure to the spray mist.

2. Seed treatment

   **K-Obiol® EC 25** is suitable for tank mix application with registered fungicide mixtures for seed treatment.

   At 1 ppm **K-Obiol® EC 25** does not adversely affect the germination of maize, wheat and barley seed.

3. Residual treatment of surfaces

   For use on non-porous surfaces in barns, warehouses and stores where grain is stored. For a contact and surface residual spray apply with any suitable hand, mechanical or electrically operated sprayer capable of or adjusted to produce a coarse spray. Special attention should be given to cracks, crevices and other insect harborages. Dilute 100-120 mℓ **K-Obiol® EC 25** in 10 ℓ water and apply the mixture to 200 $m^2$.

4. Fogging of storage facilities

   For use with a suitable thermal fogging device. Close windows and doors before applying. Product should preferably be applied in the late afternoon or early evening and the facility should be left closed overnight. **K-Obiol® EC 25** must be diluted with paraffin or diesel. The dilution rate is 1 ℓ **K-Obiol® EC 25** in 1 ℓ paraffin or diesel. The mixture is applied at 1 ℓ solution per 4000-5000 $m^3$. **K-Obiol® EC 25** will also prevent tropical grain moth eggs from hatching and control lesser grain borer when used as a fogging solution.

5. Treatment of bag stacks

   Treatment of bag stacks with **K-Obiol® EC 25** will prevent contamination of the grain by invading

insects. If the bagged grain is already contaminated it should be fumigated before treatment with **K-Obiol® EC 25**. **K-Obiol® EC 25** is diluted with water and sprayed onto bag stack surfaces using a suitable compression or motorized knapsack sprayer adjusted to deliver a coarse spray. Dilute 60-100 mℓ **K-Obiol® EC 25** in 10 ℓ water and apply to 100 $m^2$ of bag stack surface. Repeat every three months.

For any product enquiry, contact Bayer Environmental Science - 011 921 5911. For poisoning emergencies only, Griffon Poison Information Centre may also be contacted - 082 446 8946.

**K-OBIOL®** **i**s a registered trademark of Bayer.

© Bayer (Pty.) Ltd. All unauthorized reproduction of this label is forbidden.

www.bayeres.co.za

# K-OBIOL® EC 25

Reg. Nr. L4586 Wet Nr. 36 van 1947

'N EMULGEERBARE KONSENTRAAT MET 'N NAWERKENDE KONTAK-PIRETROÏED VIR DIE VERMENGINGSBEHANDELING VAN LOSMAAT MIELIES, KORING, HAWER, ROG EN SONNEBLOM OPGEBERG IN GRAANSUIERS. OOK VIR GEBRUIK AS 'N RESIDUELE SPUITBEHANDELING, TERMIESE BEROKING OPLOSSING EN VIR DIE BEHANDELING VAN SAKSTAPELS IN GRAANSTOORFASILITEITE. VIR DIE BEHEER VAN DIE MALKOPMEELKEWER, SAAGTANDGRAANKEWER, ROESROOIMEELKEWER, RYSKALANDER, GRAANSKUURKALANDER, MIELIEKALANDER EN PLATGRAANKEWER.

| | | |
|---|---|---|
| AKTIEWE BESTANDDELE: | Deltametrien (piretroïed) | 25 g/ℓ |
| | Piperonielbutoksied | 225 g/ℓ |

**REGISTRASIEHOUER:**
Bayer (Edms.) Bpk.
Reg. Nr. 1968/011192/07
Posbus 143
ISANDO 1600
SUID-AFRIKA
TEL: (011) 921 5911



SKADELIK

**WAARSKUWINGS:**

Hanteer konsentraat versigtig.
Giftig wanneer ingesluk of ingeasem.
**K-Obiol® EC 25** mag 'n kortstondige irritasie van die vel, oë en neusvliese veroorsaak.
Hou buite bereik van kinders, oningeligte persone en diere.
Giftig vir visse, bye en wild.
Bewaar op 'n koel plek, weg van voedsel en voer.
In die geval van vergiftiging ontbied 'n geneesheer en toon hierdie etiket aan hom/haar.

**VOORSORGMAATREËLS:**

Moet nie in die teenwoordigheid van persone wie sensitief is vir piretroïede, gebruik nie.
In die geval van tekens van sensitiwiteit, kry mediese hulp.
Dra beskermende klere wanneer die konsentraat of verdunde oplossing hanteer word.
Vermy velkontak en was vel en oë onmiddellik na kontak met spatsels.
Was na gebruik met seep en water.
Was besoedelde klere daagliks.
Moenie gedurende vermenging of aanwending, of voordat hande en gesig gewas is, eet, rook of drink nie.
Voorkom besoedeling van voedsel, voer, drinkwater, eetgerei en voedselvoorbereidingstoerusting.
Spoel leë houer drie keer uit met 'n volume water gelykstaande aan 'n minimum van 10 % van die houer.
Gooi die spoelwater by die inhoud van die spuittenk voordat die houer vernietig word.
Vernietig leë houer en moet vir geen ander doel gebruik nie.

**SIMPTOME VAN VERGIFTIGING**

Lamheid van lippe en tong, nies, mislikheid, braking, buikloop, hoofpyn, rusteloosheid, gebrek aan koördinasie, stuiptrekkings, gevoelloosheid, uitputting.

**EERSTEHULP BEHANDELING**

Verwyder pasiënt van die bron van vergiftiging na 'n goed geventileerde omgewing en hou hom kalm en gerusgestel. Verwyder besoedelde klere en spoel die besmette liggaamsdele deeglik met baie seep en koue water af. Na oogkontak, spoel besmette oë uit met skoon water en kontak 'n geneesheer. Indien ingesluk, moenie braking induseer nie. Spoel mond met water uit en kontak 'n geneesheer onmiddellik.

**NOTA AAN GENEESHEER**

Behandel simptomaties.

**GEBRUIKSAANWYSINGS:** GEBRUIK SLEGS SOOS AANGEDUI.

1. Direkte aanwending op mielies, koring, hawer, rog en sonneblom in opberging.

1.1 Verdun 1 deel **K-Obiol® EC 25** met 16,5 dele water (600 mℓ met 10 ℓ) om 'n mengsel van 0,15 % m/v deltametrien te gee.

1.2 Kalibreer die spuittoestel volgens die berekening om 'n nominale neerslag van 0,75 dpm deltametrien op mielies en kleingraan en 1,5 dpm op sonneblom te gee.

$$\frac{\text{Graanvloei in ton/h} \times 76}{55} = \ldots \text{ m}\ell / 10 \text{ sek.}$$

1.3 Aanbeveling: Verminder spuitdruk tot 1,5 bar en vergroot spuitkop tot (ten minste) TX 12, om te verseker dat die spuitmiddel op die graan aangewend word, sonder verlies aan die atmosfeer. Met die korrekte instelling van die spuitapparaat, sal meer effektiewe toediening verkry word met minimale blootstelling aan die spuitnewel.

2. Saadbehandeling

**K-Obiol® EC 25** is geskik vir toediening as tenkvermenging met geregistreerde swamdoder oplossings vir saadbehandeling.

Met 'n toediening van 1 dpm **K-Obiol® EC 25** op graan, sal die ontkieming van mielies, koring en rog nie nadelig beïnvloed word nie.

3. Residuele behandeling van oppervlakke

Vir gebruik op nie-poreuse oppervlakke in skure, pakhuise en store waar graan geberg word. As 'n kontak en oppervlak residuele spuit, dien toe met enige geskikte hand, meganiese of elektriese spuit wat 'n growwe spuit kan lewer. Spesiale aandag moet aan krake, splete en ander insekwegkruipplekke gegee word. Dien 100-120 mℓ in 10 ℓ water per 200 $m^2$ op nie-poreuse oppervlakke toe.

4. Beroking van stoorfasiliteite

Vir gebruik met 'n geskikte termiese berokingsapparaat. Maak vensters en deure toe voor toediening. Produk moet verkieslik laat middag of vroegaand toegedien word en die fasiliteit moet oornag toegehou word. **K-Obiol® EC 25** moet met paraffien of diesel verdun word. Die verdunning is 1 ℓ **K-Obiol EC® 25** in 1 ℓ paraffien of diesel. Die mengsel word toegedien teen 1 ℓ oplossing per 4000-5000 $m^3$. **K-Obiol® EC 25** sal ook tropiese graanmot eiers verhoed om uit te broei en kleingraanboorder beheer wanneer dit as 'n berokingsmiddel toegedien word.

5. Behandeling van sakstapels

Behandeling van sakstapels met **K-Obiol® EC 25** sal die besmetting van graan deur insekte

voorkom. As die gepakte graan reeds besmet is, moet dit eers berook word voor behandeling met **K-Obiol® EC 25**. **K-Obiol® EC 25** word verdun met water en gespuit op sakstapels met 'n geskikte druk- of motoraangedrewe rugsakspuit wat gestel is om 'n growwe bespuiting te lewer. Verdun 60-100 mℓ **K-Obiol® EC 25** in 10 ℓ water en dien toe op 100 $m^2$ sakstapeloppervlak. Herhaal elke 3 maande.

Vir enige produk navrae, skakel Bayer Environmental Science - 011 921 5911. Slegs vir vergiftigingsnoodgevalle kan Griffon Gif Inligtingsentrum ook gekontak word - 082 446 8946.

**K-OBIOL®** is 'n geregistreerde handelsmerk van Bayer.

© Bayer (Edms.) Bpk. Alle onregmatige kopiëring van die etiket is verbode.

www.bayeres.co.za